

Nomades voetslaanclub Rapids voetslaanroete.

Belfast.

Basiskamp roete-terugvoer. 24-27 September 2015.

Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen, Amelia Kuhn, Wilna Moolman, Louis en Liam Mitchell stap saam. 6 Stappers.



Donderdag is vakansiedag, Erfenisdag en Nomades maak dit 'n langnaweek. Almal arriveer Dondag daar en vertrek die Sondag. Dus 3 nagte.




Na aanleiding van Wilna se vertellings en skrywes dan die volgende (alle fotos is ook deur Wilna verskaf) :

Die twee roetes is ongelooflik mooi, veral die pragtige waterval en altwee roetes is ook baie goed gemerk en oopgesny. Sommige van die merkers is op plat klippe, wat mens nie sommer dadelik sien nie, maar aangesien die pad so mooi oopgesny is, maak dit nie saak nie. Ons het ook Kalkoen Ibissee gesien wat baie spesiaal was.

Dag 1 sowat 10km en dag 2 sowat 6km

Wat die akkomodasie betref, was die beloofde gas-yskas nie daar nie, die donkie het nie gewerk nie en daar was nie hout nie. Die Nomades kon toe wel die fasiliteite in van die 'Stone Cottages' gebruik en kon dus warm stort en het 'n yskas gehad.



Die amptelike akkomodasie is 'n weermagtent sonder vloer met die beddens wat net so op die ongelyk gras staan.




Daar is ook gaatjies in die tent wat 'n probleem sou wees indien dit reën en die tent was baie warm. Die ou Rapids roete se Igloo sou waarskynlik baie beter akkomodasie as die tent bied.

Daar is 'n braai-area, wat nie lekker sou werk as die wind waai nie agv die ontwerp en ook glad nie gebruik sou kon word as dit reën nie, die eienaar is wel besig om 'n lapa of iets om die braai area te bou, die gate vir die pale is klaar gegrou. So ook met die kombuis-area, wat agv die oop kante nie tydens reën gebruik sou kon word nie. Daar is aparte ablusie geriewe vir die manne en dames. Agv. Bg. Probleempies kon Nomades toe darm die naweek in van die klip-huisies bly.



As die roete en veral die akkomodasie finaal klaar is en netjies gemaak is sal dit 'n wenner roete wees agv die mooi stap en mooi watervalle.



Dag 1 loop grotendeels langs die rivier, met bruggies daaroor. Die miggies het net ietwat gepla. Dag 2, die langer stap loop groot dele oor grasvlakte, waar die son mens maar goed bykom. Die Groot waterval is die hoogtepunt en kan nie werklik op 'n foto vasgevang word nie. Dan op die terugkom roete, net as jy dink jy is naby die kamp gaan die roete weer in 'n ander mooi kloof in.

Op ons laaste klubaand het een van die ander stappers die naweek opgesom, dat hy die 'happiness' op almal se gesigte kon sien op al sy fotos.

Jan van der Westhuizen is die eienaar. Daar is ook vier luukser kliphuisies op die perseel wat elk 2 persone slaap met en-suite-ablusie geriewe wat bespreek kan word. Die Storte daar het ook nie deure nie. (Maar dit is darm en-suite).



Finansies:

Inbetalings deur 6 stappers (1 nie-lid) : R2845
 Uitbetaling aan **Jacana** R2755 (3 nagte @ R150 per nag x 6 persone)+R55 besprekingsfooi.
 Hout, charcoal en aanstekers : R70
 Projek surplus : R20

Groete

Marius Stander

Nomades Voetslaanclub

WWW.NOMADES.CO.ZA

MariusStanderPTA@gmail.com



die "oopplan" kombuis



die stort

Die kaart soos geskep deur MS met data deur Jacana verskaf:

